The second most important influence of literary translation on the languages of South Africa is on the genre of drama, with the translation of Shakespeare plays having a significant impact on the young literary systems of the languages of South Africa. Almost all the South African languages (Afrikaans, Northern Sotho, Southern Sotho, Tswana, Tsonga, Venda, Xhosa and Zulu) went through “a Shakespearean phase”, in other words, a phase in which translations of Shakespeare’s plays appeared in these languages and in some cases sparked off creative writing (Ntuli & Swanepoel 1993:22). If anyone is interested in more information on the influence of Shakespeare on the drama systems of Afrikaans and other African languages in South Africa, please consult Kruger (1996; 1998 and Kruger et al 2002), where you will find interesting facts such as the following:

- ◆ The two languages that benefited most from importing Shakespeare translations to initiate and complement their young literary systems are Tswana and Afrikaans.
- ◆ Initially, after 1925, when Afrikaans was first given official status next to English, there were very few dramas in Afrikaans and 95% of the plays performed by theatre companies on tours around the country at this time were translations. Gradually more and more Afrikaans plays were produced, and new dramatic forms such as the one-act play (based on Italian and French translations) were introduced, thus contributing to establishing the Afrikaans language, culture and literary and theatrical tradition.
- ◆ Tswana had its Shakespearean phase during the 1930s. Its early début can probably be attributed to the remarkable Solomon Plaatje, whose Shakespeare translations were responsible for initiating creative writing in Tswana. Plaatje’s translations of *The Comedy of Errors* (1930) and *Julius Caesar* (1937) are generally regarded as the beginning of modern literature in Tswana. Plaatje, who helped found the ANC in 1912, was a journalist, court interpreter and pioneer in linguistics and lexicography.
- ◆ The early 1970s saw an excellent example of a target-oriented translation or adaptation: *Umabatha*, the “Zulu Macbeth” by Welcome Msomi, which critics hailed as a successful attempt at

completely acculturating the Shakespeare text in terms of tribal dance, ritual and Zulu vernacular.


List of sources

- Chapman M (ed). 2001. *The Drum decade: Stories from the 1950s*. Pietermaritzburg: Univ of Natal Press.
- Even-Zohar I. 1990. Polysystem theory. *Poetics Today* 11(1).
- Kruger A. 1996. “Bless thee, Bottom, bless thee! Thou art translated!” The Shakespearean phase in South Africa: A socio-cultural perspective. *SA Journal of Literary Studies* 12(4): 408-428.
- Kruger A & Wallmach K. 1997. Research methodology for the description of a source text and its translation(s) – a South African perspective. *SA Journal of African Languages*, 17(4):119-126.
- Kruger A. 1998. Shakespeare translations in South Africa: A history. In Beylard-Ozeroff A, Králová J & Moser-Mercer B. *Translators’ strategies and creativity*. Amsterdam: John Benjamins: 107-115.
- Kruger A, Wallmach K & Sanderson P. 2002. *Translation and editing techniques. Tutorial letter 501 for LIN304-A/1/2002*. Pretoria: University of South Africa.
- Ntuli DB & Swanepoel CF. 1993. *Southern African literature in African languages. A concise historical perspective*. Pretoria: Acacia.

SA Language and Translation Quiz

1. Who was St Jerome?
2. Why should South African translators and interpreters remember Sol Plaatje (pictured right)?
3. Take a look at the backs of R5, R2, R1, 50c, 20c, 10c, 5c, 2c and 1c coins minted after 1994. The words “South Africa” are written in a number of different languages, according to the numbers of speakers in each language group. R5 is the largest coin, representing the largest language group, and 1c, being the smallest coin, represents the smallest language group.
 - 3.1 Which language group is represented by the R5 coin?
 - 3.2 Which coin represents the English language? What ranking does English have?
 - 3.3 Which coin represents Afrikaans? What ranking does Afrikaans have?
 - 3.4 And which language is represented by the 1c coin?
 - 3.5 South Africa has eleven official languages, but there are only nine represented on the backs of our coins. And yet no South African languages have been excluded. Can you explain this?





4. What does PanSALB stand for? What does it do?
5. One of the ferries to Robben Island, *Autshumato*, is named after the interpreter *Autshumato*. Who did he interpret for, and why was he imprisoned on Robben Island?
6. Nelson Mandela's autobiography has been translated into a number of South African languages. How many? Can you name them?
7. Name two popular magazines which are published in (at least) two South African languages.
8. What do the following lists of words have in common?
 - 8.1 diesel, angst, kindergarten, spritzer, delicatessen, doppler effect
 - 8.2 university, politeness, chivalry, court, liberty, fraternity
 - 8.3 indaba, chakalaka, imbuzo, induna, impi
 - 8.4 ikhwalifikheshini, ama-share, ivolumu yentengiso
9. Name three important works of English literature which have been translated into Zulu.
10. Name three important Zulu literary translators.
11. Name three well-known Afrikaans authors who are also self-translators (i.e. they translated their own work).

(Answers are given on the outside back cover)



IN LIGHTER VEIN

Fractured definitions

Coffee (n.), a person who is coughed upon.

Flatulence (n.) the emergency vehicle that picks you up after you are run over by a steamroller.

Balderdash (n.), a rapidly receding hairline.

Testicle (n.), a humorous question on an exam.

Oyster (n.), a person who sprinkles his conversation with Yiddish expressions.

Abdicate (v.), to give up all hope of ever having a flat stomach.

Esplanade (v.), to attempt an explanation while drunk.

Lymph (v.), to walk with a lisp.

Gargoyle (n.), an olive-flavoured mouthwash.

Die nuwe Afrikaanse Woordelys en Spelreëls, 2002

Die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns maak graag van die geleentheid gebruik om die nuwe uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* in breë trekke aan u bekend te stel. Wat is die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* of soos ons dit afkort: die AWS? Dit is 'n naslaanbron wat in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) deur sy Taalkommissie opgestel word om gebruikers van Afrikaans te help om die standaardvariëteit korrek te gebruik. Dit verduidelik die Grondbeginsels van die Afrikaanse taal en bied riglyne vir die Afrikaanse spelling en skryfwyse op 'n verstaanbare en toeganklike wyse aan.

Feitlik op die dag 85 jaar na die bekendstelling van die eerste weergawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* in Potchefstroom, is die jongste weergawe van die AWS op 27 September 2002 bekendgestel – ook op Potchefstroom.

Linda Brink, wat by die SAAWK werksaam is, het onlangs op die volgende interessante brokkie inligting afgekom: Tydens die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) se agste jaarvergadering op 21 en 22 September 1917 in die Stadsaal van Potchefstroom, het die lede kennis geneem van die eerste verskyning van die *Woordelys*. Die volgende aanhaling kom uit die notule van 22 September 1917:

“Dr. J.D. du Toit zeide, dat hij met veel ingenomenheid kennis had gemaakt met de "Woordelijks" voor de Afrikaanse Taal. Het werk zag er presentabel uit. Hij beschouwde het als van geen geringe betekenis. Het was 'n stap voorwaarts op onze kultuur-ontwikkeling. Wij plukten thans de vruchten van het werk onzer voorgangers. In 1875 was reeds 'n begin er mede gemaakt. De meesten van hen, die de eerste stoot aan dat werk gaven, waren reeds gestorven. Spreker getuigde van zijn grote waardering voor het werk van de samenstellers.”

Die sekretaris het aan die vergadering gerapporteer dat hy ver wag dat die 2 000 gedrukte eksemplare “binne niet te lange tijd uitverkocht zouden zijn” en

het die vraag gestel of dit nie wenslik sou wees om nog 'n duisendtal te bestel nie. *“Er bestond alle reden aan te nemen, dat 'n tweede oplage binnen korte tijd nodig zou worden.”*


Waarom was dit nodig om die AWS te hersien en by te werk? Die woordeskat en uitspraak van 'n dinamiese taal verander mettertyd en hierdie veranderinge word veral weerspieël in die wyse waarop veral die spelsisteem van Afrikaans sedert die eerste verskyning van die AWS deur die jare aangepas is. Die nuwe 2002-uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) is 'n volledige herbewerking van die 1991-uitgawe en die boek is aansienlik uitgebrei. Teenstrydighede in die vorige AWS is opgeruim. Die Taalkommissie het vorige uitgawes nagegaan om te verseker dat aspekte wat daarin vervat was, maar later weggelaat is, opnuut aandag kry. Indien dit steeds ter sake was, is dit in die nuwe bewerking van die AWS ingesluit.

Die Taalkommissie het vir die eerste keer in die geskiedenis van die AWS besluit om taalpraktisyns te raadpleeg voordat die boek verskyn. Ons het waardevolle kommentaar ontvang wat bespreek is en in die boek inslag gevind het. Die Taalkommissie was van mening dat daar geen sin daarin is om 'n naslaanwerk saam te stel sonder om die eindgebruiker vooraf te raadpleeg nie.

Die Taalkommissie het ook probeer om die inhoud meer toeganklik aan te bied as wat voorheen die geval was. 'n Indeks en nuttige snelsoeksisteem met loopkoppe maak naslaan maklik.


Voorstukke

Die voorstukke bevat onder andere wenke vir gebruikers en 'n toeligtinggedeelte. In die *Wenke vir gebruikers* word aanwysings gegee oor hoe om die AWS te gebruik en te interpreteer. Die *Toeligtinggedeelte* verduidelik hoe die bron uiteengesit is. Dit dui aan dat die spelreëlgedeelte reëls gee vir spelling en skryfwyse. Aangesien daar in die *Spelreëls* by sekere gevalle fonetiese tekens gebruik word, word verdere gebruikleiding hier in die vorm van 'n lys fonetiese tekens aangebied. By elk van die fonetiese tekens is 'n toeligtingde voorbeeld verskaf.



Artikel deur Dr Mariëtta Alberts. Mariëtta is 'n lid van die Taalkommissie.

“ ’n Mens het nie meer ’n graad in Taalkunde nodig om te bepaal wat die reëls probeer sê nie.”



Die Grondbeginsels van die Afrikaanse spelling word ook kortliks in die voorstukke uiteengesit. Alhoewel die grondbeginsels effens anders geformuleer is as in die 1991-uitgawe, is die strekking wesenlik dieselfde. Daar is net probeer om die grondbeginsels verder te verfyn en moontlike onduidelikhede uit te skakel. Die veranderinge het betrekking op formulering en aanbieding, nie soseer die inhoud nie. Die spelling en skryfwyse van Standaardafrikaans word in hoofsaak nog steeds deur dieselfde grondbeginsels bepaal. Die grondbeginsels word toegelig met voorbeelde ter illustrasie van die toepassing van die betrokke grondbeginsel.

Spelreël- en skryfwyse

Die spelreël- en skryfwysegedeelte bevat die amptelike spelreëls van Standaardafrikaans wat deur die Taalkommissie opgestel en deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) goedgekeur is. In hierdie uitgawe word die spelreëls in alfabetiese volgorde aangebied en dan aangevul met ’n aantal nuwe afdelings om naslaan te vergemaklik. Onder elke alfabetiese gerangskikte kategorie word die spelreëls numeries georden (met ander woorde Reël 1.1, Reël 1.2, Reël 1.3, ens. of Reël 2.1, Reël 2.2, Reël 2.3, ens.). In die afdeling *Die Spelreëls: Reëls vir spelling en skryfwyse* is elke reël met groot sorg opnuut geformuleer. Ons het probeer om die reëls makliker verstaanbaar te maak. Soms was reëls verskuil in opmerkings. Hierdie verskuilde reëls het nou volledige reëlstatus verkry. Die reëls is ook beter georden, is korter en makliker verstaanbaar. ’n Mens het nie meer ’n graad in Taalkunde nodig om te bepaal wat die reëls probeer sê nie. Alle reëls is met voorbeeldmateriaal toegelig. Deurdat die betrokke reël op voorbeelde toegepas word, word gebruikers van die AWS gehelp om self die reëls te kan toepas op voorbeelde wat nie in die AWS verskyn nie. In sommige gevalle is foutiewe voorbeelde ook verskaf om die gebruiker te help. Ekselsf kon dikwels nie genoeg inligting uit ’n reël of selfs die voorbeeldmateriaal put om die reël sinvol in die praktyk toe te pas nie. Genoegsame voorbeeldmateriaal en foutiewe voorbeelde wat met ’n asterisk gemerk is, help die gebruiker om die reëls te vertolk en toe te pas. Een van die algemeenste probleme wat gebruikers van Afrikaans ondervind is die keuse tussen los en vas skryf. In die hoofstuk oor die skryfwyse van woorde waarin los en vas skryf bereël word, word daarop gewys dat daar soms meer as een korrekte skryfwyse

kan wees en by sulke tipes woorde word daar soms op ’n voorkeurvorm gewys. Die Taalkommissie stel egter ook in hierdie gevalle ’n mate van vryheid van skryfwyse voor.

Talle leë lemmas is in die Spelreëlgedeelte opgeneem. Dit wil sê ’n trefwoord soos **Aanmeakaarskryf** of **Aanspreekvorme of Adjektiewe of Breukname of Byvoeglike naamwoorde** ... Spelreëls word nie onder hierdie leë lemmas behandel nie, maar daar is telkens ’n verwysing na waar die aspek wel bespreek word. Hierdie kruisverwysingstelsel help dus die gebruiker om na die regte plek vir die behandeling van die aspek waarna hy/sy soek, te gaan.

Woordelys

Die volgende groot afdeling is die *Woordelys*. Die Taalkommissie wil graag beklemtoon dat die *Woordelys* nie ’n woordeboek is nie. Gevolglik het ons nie probeer om ’n verteenwoordigende versameling woorde-skatelemente van Afrikaans daarin te gee nie. As ’n bepaalde woord nie in die *Woordelys* verskyn nie, is dit hoegenaamd geen bewys dat dit nie bestaan nie of dat sy bestaansreg nie erken word nie. Die Taalkommissie het veral drie oorwegings ’n rol laat speel by die keuse van woorde vir opname in die *Woordelys*:

- ◆ Woorde met **spellingprobleme** is opgeneem, maar omdat alle woorde nie opgeneem kon word nie, is leidinggewende voorbeelde opgeneem.
- ◆ Talle **nuwe woorde** is ter wille van **erkenning** opgeneem en hier is daar gesteun op algemene gebruik.
- ◆ **Komplekse woorde**, veral samestellings en afleidings, is opgeneem ter illustrering van die resultate van sekere **woordvormingsprosesse**.

Die *Woordelys* is volledig herbewerk en talle **terme** wat nie spellingprobleme oplewer nie, is geskrap. Die opnamebeleid bepaal dat die opname van ’n woord of term ook aandui dat dit gebruikstatus geniet. In die verlede is terme dikwels opgeneem omdat daar nie genoegsame vakwoordeboeke was waarin gebruikers die terme kon naslaan nie.

Die lemmas (trefwoorde) in die *Woordelys* is alfabeties gerangskik en in baie gevalle met bykomende inligting toegerus. Die bykomende inligting is van morfologiese, woordsoortelike of toeliggende aard. By selfstandige naamwoorde wat ’n meervoudsvorm het, word die meervoudsvorm aan-

gedui. By werkwoorde word inligting oor die verledetydsvorm gegee. By byvoeglike naamwoorde word moontlike verbuigingsuitgange verskaf asook die trappe van vergelyking. In sommige gevalle word woordsoorte van 'n lemma duidelikshalwe tussen hakies verstrek. Toeliggende aantekeninge is tweërlei van aard, dit kan betekenisleiding gee of inligting oor die konteks waarbinne 'n bepaalde lemma optree.

Variasie in betekenis, sinsvorm, woordvorm, klank, ensovoorts, is 'n kenmerk van 'n natuurlike, lewende taal, dus ook van Afrikaans en sy variëtiëte. Die houding van gebruikers van die taal hieroor is uiteenlopend. Sommige gebruikers wil so min moontlik wisselvorme aanvaar sien, ander voel geaffronteerd as 'n variant wat in hulle taalgebruik voorkom, nie as standaard beskou word nie. Die Taalkommissie het deur die jare 'n middeweg ingeslaan: Vorme wat as standaard beskou en gebruik word deur instansies wat deur hulle voorbeeld norme vestig (soos uitgewers van koerante en tydskrifte, formele geskifte en letterkundige werke), is erken en opgeteken. Hierdie keuses het met die verloop van tyd bygedra tot die standaardisasie van Afrikaans. Wisselvorme by terminologiegebruik lei egter dikwels tot verwarring. Na oorlegpleging met vakspecialiste is daar byvoorbeeld besluit om in hierdie uitgawe voorkeur te gee aan die **-ien**vorm eerder as die **-ine**vorm by terme soos *vitamien*, *albumien*, *toksien*, ens. Die vorme *albumine*, *vitamine*, *toksine* word nie as verkeerd beskou nie, maar voorkeur word aan die **-ien**vorme gegee. Daar was telkens verwarring by byvoorbeeld die gebruik van **vitamien**, meervoud **vitamiene** teenoor **vitamine**, meervoud **vitamines**. Die meervoud van die een klink soos die enkelvoud van die ander. Dit lei tot verwarring en in vaktiaal moet een term verkieslik een begrip of konsep verteenwoordig. In dié geval word voorkeur gegee aan een vorm en al die afleidings word met die voorkeurterm gevorm: *vitamiëaanvulling*, *vitamientablet*, *vitamienbruistablet*, ens.

Afkortingslys

Die AWS bevat ook 'n afkortingslys. Dié lys is volledig hersien en bygewerk. Dit is nie 'n volledige lys van alle afkortings wat in Standaardafrikaans gebruik word nie. Dit bevat slegs die gebruiklikste afkortings en leidende voorbeelde wat die reëls en beginsels illustreer. Sommige SI-simbole is opgeneem hoewel hulle streng gesproke nie afkortings

is nie. Die volvorme van sekere afkortings is soos dit in Suid-Afrikaanse wetgewing vasgelê is. Historiese afkortings is behou omdat gebruikers dikwels sulke afkortings in bronne teëkom en hulle gevolglik inligtingswaarde het. Talle voorbeelde van afkortings van instansies en politieke partye is egter wegelaat. Die hoofstuk *Afkortings* bevat 'n oriëntasieparagraaf sowel as riglyne by die gebruik van afkortings, gevolg deur 'n aantal afkortingsreëls.

Omgangstaalafrikaans


'n Lys omgangstaalwoorde en -uitdrukings wat lank reeds in informele gesprekke gebruik word, maar waarvan die spelling nog nie vantevore bereël is nie, is in 'n aparte lys ingesluit. Die Taalkommissie gee leiding oor die spelling en skryfwyse van sulke woorde en uitdrukings. Alle omgangstaalwoorde is met 'n verhewe-O gemerk waarmee aangedui word dat dit nie deel is van Standaardafrikaans nie.

Die invloed van Engels op Afrikaans is die duidelikste waarneembaar in die informele variëteit: die Afrikaans wat moedertaalsprekers (en ander gebruikers van Afrikaans) in gemoedlike omgang met mekaar gebruik. Baie van hierdie woorde word ook in veral die hedendaagse Afrikaanse letterkunde aangetref. Daar is veral vier kategorieë waar te neem:


- ◆ Afrikaanse woorde waarvan die uitspraak nie deur die vorme in die Standaardvariëteit weergegee word nie (ammal^o – almal; hierie^o – hierdie)
- ◆ Sekere Engelse woorde wat reeds 'n gevestigde Afrikaanse spelwyse het: orrait^o of orraait^o, spietkop^o, sjaddap^o of sjarrap^o, soetkys^o
- ◆ Woorde wat 'n Engelse spelling het, maar reeds Afrikaanse morfologie vertoon: quit^o (ophou) – gequit^o; brag^o (spog) – gebrag^o; complain^o (kla, mor) – gecomplain^o; koel^o of cool^o (oulik, mooi, bakgat), koeler^o, cooler^o, koelste^o, coolste^o; sexy^o, sexiër^o, sexyste^o, weird^o (eienaardig), weider^o, weirdste^o.
- ◆ Sekere uitdrukings wat Engelse en Afrikaanse komponente het: uitfigure^o, uitfreak^o, watever^o, toezip^o, uitchicken^o, boots en all^o, fair en square^o, finish en klaar^o.

Dit is onmoontlik om 'n volledige lys op te neem. Dit was egter ook nie die Taalkommissie se doel hiermee nie. Ons wou genoeg voorbeelde gee om goeie leiding ten opsigte van die skryfvorme van die Afri-

“Variasie in betekenis, sinsvorm, woordvorm, klank, ensovoorts, is 'n kenmerk van 'n natuurlike, lewende taal, dus ook van Afrikaans en sy variëtiëte.”



“Die Taalkommissie hoop dat hierdie negende, verbeterde en omvattende herbewerkte uitgawe van die AWS ’n noodsaaklike naslaangids sal wees vir elkeen wat Afrikaans moet en wil skryf.”



kaanse omgangstaal te gee. Tog jammer dat hierdie klein gedeelte in die boek die meeste aandag trek en dat die werklike bydraes ten opsigte van die herbewerking van die AWS nie altyd raakgesien word nie.

Geografiese name

’n Lys geografiese name van oor die wêreld met hul byvoeglikenaamwoord- en persoonsnaamafleidings is bygevoeg. Die gebruiker kan dus die korrekte Afrikaanse spelling van die buitelandse plekname en hul afleidings naslaan. Baie van hierdie plekname en hul afleidings het nog nie vantevore in enige ander werk verskyn nie en sal nog hul lêplek in Afrikaans moet vind. Slegs buitelandse plekname is opgeneem omdat die spelling van amptelike geografiese name in die Republiek van Suid-Afrika bereël word deur die *Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name*. Volledige besonderhede sal in publikasies van daardie raad verkrygbaar wees. Die Taalkommissie was egter van oordeel dat daar wel in die AWS vir gebruikers leiding gegee moet word oor die skryfwyse van geografiese name in Afrikaans en onder Reël 9.38 word ’n paar groeperings gegee. Tipiese probleme soos die los- of vasskryf van geografiese name met die element –park (vas aan die stam-element) of Park (los van die stam-element) lewer skryfprobleme op omdat hier nie ’n vaste patroon is nie. So is daar byvoorbeeld *Monumentpark* naas *Kempton Park*. Hierdie onderskeid hang af van hoe die betrokke naam geregistreer is. Die *Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name* se riglyne geld hier as bepalende faktor.

Transliterasietabel

Vir die eerste keer bevat die AWS ook ’n Afrikaanse transliterasietabel van die Cyrilliese (Russiese) alfabet. ’n Probleem waarmee taalpraktisyns soms te doene kry, is hoe om Russiese en ander Slawiese name wat hulle in die oorspronklike taal of in Engels teëkom, in Afrikaans weer te gee. In hierdie tabel word, benewens die skryfwyse van gedrukte Russiese letters, ook die betrokke uitspraak aangedui, sowel as die ooreenstemmende letter in Engels en Afrikaans. Die tabel gee ook ’n aantal voorbeelde van sulke name in die Russiese, Engelse en Afrikaanse ortografieë. Waarom dan die Cyrilliese alfabet en nie ook die Griekse, Hebreeuse, en veral Oosterse alfabette nie? Bloot weens die feit dat ander alfabette nie soveel probleme in Afrikaans besorg as die Russiese en Slawiese name nie. Die Taalkommissie was veral ook

geïnteresseerd in die Arabiese alfabet – ook vanweë die Moslemafrikaanse verbintenis. ’n Gebrek aan tyd en plek in die boek was egter maar die grootste oorwegings vir die weglating van ander alfabette.

Terminologielys

’n Terminologielys word verskaf waarin omskrywings gegee word van terme wat in die AWS gebruik word. Dit weerspieël egter net betekenistoepassings soos dit in die AWS gebruik word.

Indeks

Die AWS bied laastens ’n volledige indeks wat help met die naslaanproses. Hierdie gedeelte is deur Me Jana Luther van die uitgewer Pharos, versorg.

Slot

Die Taalkommissie hoop dat hierdie negende, verbeterde en omvattende herbewerkte uitgawe van die AWS ’n noodsaaklike naslaangids sal wees vir elkeen wat Afrikaans moet en wil skryf. Ons vertrou dat dit vir die opvoeder, leerder, vertaler, taalpraktisyn, woordeboekmaker, dosent, student, briëfskrywer en gewone taalgebruiker ’n onontbeerlike en veral bruikbare naslaanbron sal wees.

Die Taalkommissie het baie hard gewerk. Ons het ten minste twee maal per jaar vir ten minste ’n week op ’n slag vergader om die reëls en hul toepassings te bespreek. Buiten hierdie twee weke per jaar is baie ure ná die gewone werksverpligtinge, naweke en vakansietye benut om aan die AWS te werk. Ons het werklik gepoog om die boek foutloos te hê. Ons het veral probeer om seker te maak dat die reëls bruikbaar en verstaanbaar is en bowenal dat dit mekaar nie weerspreek nie. Ons het ook besondere klem gelê op kruisverwysings. Feilbare mense het egter die AWS saamgestel. Ons moeë oë het waarskynlik iets êrens misgekyk. Ons wil u graag versoek om hierdie foute onder ons aandag te bring. Die uitgewer het reeds te kenne gegee dat sulke foute in ’n tweede oplaag van die AWS reggestel sal/kan word.

Ten slotte: die AWS is beskikbaar by alle vooraanstaande boekwinkels teen R150 per eksemplaar – KOOP ’N AWS!

This article discusses the recently published new edition of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. Since only persons fluent in Afrikaans will be using this book, the article is not summarised in English.

The Oxford Guide to Style

Throughout my professional career I have heard reference to *Hart's Rules*, but have never had the pleasure of coming across a real, live copy. I thus felt myself greatly privileged when I read in the preface to the *Oxford Guide to Style* that this is “the revised and enlarged edition of Horace Hart's *Rules for Compositors and Readers at the University Press, Oxford*”.

Hart ran Oxford University Press between 1883 and 1915 and his *Rules*, the first edition of which was published in 1893, were produced as an in-house guide for the employees there. He soon found the book being used all over, though, and so made it generally available. It subsequently went through 39 editions before metamorphosing into this *Guide to Style*.

As the name implies, this is not a dictionary, but a guide to the way in which things are traditionally done in the publishing industry. The section on “Abbreviations and symbols” thus does not provide a list of abbreviations, but rather discusses the various types of abbreviations and the way they are used and written. So, for example, I was pleased to see the usage note: “Prefer ... *25 per cent* (two words, no point) to *25%* in text”; I had been taught this in my magazine editing training, but felt that I was waging a losing battle with the proliferation of *percent* in the newspapers particularly.

The Oxford Guide to Style is divided into 16 chapters: The parts of a book, Preparation of copy and proofs, Abbreviations and symbols, Capitalization and treatment of names, Punctuation, Italic, roman, and other type treatments, Numbers, Quotations, Lists and tables, Illustrations, Languages, Science and mathematics, Specialist subjects, Copyright and other publishing responsibilities, References and notes, and Indexing. Each chapter is then divided into as many sections as necessary.

The book is well laid out, using a clear typeface and lots of white space. There is an extensive index, making it relatively easy to find what one is looking for if it is not immediately obvious from the chapter titles.

I have had the book on my shelf for several months, and have found it most useful. The explanations are detailed and clearly set out and there are numerous examples illustrating various points, to aid comprehension. What's more, it is so interesting to see rules related to things one has done automatically for years or has never even considered being governed by a rule that every time I consulted the *Guide* I found myself spending several minutes more browsing over other

entries. I could almost recommend the book as bedtime reading for those with a passion for their work!


I consulted the *Guide* on several issues that cause repeated problems in my work and was pleased to find clear answers in most cases. While I am generally aware of the difference between a hyphen and an en rule, and change them religiously in certain contexts, I have never been certain of what to use, and with or without spaces, in indicating ranges. But the *Guide* provided the answer: “Use the en rule closed up to denote elision in elements that form a range”, e.g. pp. 23–45, Wednesday–Friday, 1939–45, and also “Use the en rule closed up to express the meaning of *to* or *and* between words of equal importance”, e.g. Dover–Calais crossing, on–off switch. [Obviously Bill Gates and his cronies do not know this rule, as I found the MS Word shortcut of using a double hyphen if you need an en rule, which the program then converts automatically when you complete the next word, does not work without a space on either side of the rule; without spaces, the hyphens covert to an em rule.]

I was pleased to see clearly set out another rule that my clients seem never to have learnt: “Numbers are made plural without an apostrophe both as words and figures”, e.g. the 1960s, twos and threes, in the Nineties. The text goes on to illustrate when numbers take a singular and plural verb: “plural phrases take plural verbs where the elements enumerated are considered severally”, e.g. Ten miles of path are being repaved, but “plural numbers considered as single units take singular verbs”, e.g. Ten miles of path is a lot to repave.

Don't think you always know best, though. One of my personal bugbears is the case of whether to use single or double quotation marks. I regarded single marks as a sign of lazy typing. Imagine my surprise at finding the *Guide to Style* giving exactly the opposite rule: “British practice is normally to enclose quoted matter between single quotation marks, and to use double quotation marks for a quotation within a quotation.” My views seem to be typically American, as the *Guide* continues: “The order is often reversed in newspapers, and uniformly in US practice.” So it looks like I'll have to go back and change them all in this review!

I would unreservedly recommend this publication to all wordsmiths – to those new in the field as a good place to start and to seasoned editors as a valuable source for brushing up one's knowledge.

Ritter, RM.
The Oxford Guide to Style.
2002. Oxford:
Oxford University Press.
ISBN:
0-19-869175-0
Hard cover, xii + 623 pp.
Price:
Approximately R350.



Answers to the St Jerome's Day quiz (page 19)

1. St Jerome (Eusebius Hieronymus c. 331- 320) is the patron saint of translators. This Catholic saint translated the Bible out of the Greek Septuagint into Latin. This translation became known as the Vulgate and was the traditional authorised translation of the Western church for centuries – at times it had even greater authority than texts in the original languages.
2. Sol Plaatjie was a journalist, court interpreter, lexicographer and writer. His translations of Shakespeare were responsible for initiating creative writing in Tswana. His was a life of firsts:
 - the first black editor of the first Tswana language newspaper in the country;
 - the first translator of Shakespeare into an African language
 - the first Black novelist in South Africa, and, most significantly
 - the first Secretary-General of the African National Congress, a political body he was instrumental in launching
- 3.1 The five rand coin has “South Africa” written in Zulu on the back, as Zulu is the largest language group in South Africa.
- 3.2 The 20c coin represents the English language. English is ranked fifth in SA.
- 3.3 The R1 coin represents the Afrikaans language, since Afrikaans is ranked third in South Africa.
- 3.4 Ndebele is the smallest language group in SA, and is therefore represented by the 1c coin.
- 3.5 There are only nine languages represented on the backs of our coins because some languages use the same words for “South Africa”.
4. PanSALB stands for the Pan South African Language Board. Its mission is as follows: “To promote multilingualism in South Africa by: creating the conditions for the development of and the equal use of all official languages; fostering respect for and encouraging the use of other languages in the country; and encouraging the best use of the country’s linguistic resources – in order to enable South Africans to free themselves from all forms of linguistic discrimination, domination and division; and to enable them to exercise appropriate linguistic choices for their own well being as well as for national development.”
5. Autshumato was a Khoikhoi leader who became an interpreter for Europeans passing by the Cape after 1631 and an intermediary between them and the Khoikhoi once a Dutch settlement was established in 1652. He was taken to Java by the English in 1631-2 and after his return to the Cape was said to speak “a little English”. Autshumato was instrumental in helping the Dutch settlers barter with the Khoikhoi for cattle after the Cape Town refreshment station was established in 1652. Autshumato was to return to Robben Island in 1658, however, as a prisoner for misinterpretation. Van Riebeeck had contemplated this step as early as 1652, when negotiations between the Dutch and Khoi were not progressing sufficiently well for his liking. After a year and a half on the Island, Autshumato and a fellow prisoner managed to steal a little rowing boat and escape from the Island. Their boat was found about two weeks afterwards by the Dutch: the latter could not believe that the men had survived the difficult crossing. It was only a year later that Autshumato applied to live near the Castle again and resumed his role as interpreter. He died in 1663.
6. Nelson Mandela’s *Long Walk to Freedom* has been translated into Xhosa (by Peter Mtuze), Zulu (by DBZ Ntuli), Afrikaans and Northern Sotho, and is currently being translated into the other official languages.
7. *Huisgenoot* (Afrikaans), translated as *You* (English) and *Bona* magazine, which appears in English, Zulu, Xhosa and Sotho.
- 8.1 These are all German words that have been borrowed by the English language.
- 8.2 These words are all loan words from French used in English. Many words in English that relate to learning and courtly behaviour originate from French.
- 8.3 These words are loan words from Zulu used in English.
- 8.4 These words are loan words from English used in Zulu.
9. The Bible (16 translations into Zulu dating back to 1848); Shakespeare’s *Macbeth*, amongst others; Alan Paton’s *Cry the Beloved Country*; Chinua Achebe’s *Things Fall Apart*, etc.
10. Nyembezi, DBZ Ntuli, DHH Dhlomo, Vilakazi, amongst others.
11. Andre P Brink, Uys Krige, Breyten Breytenbach, Dalene Mathee. Mark Behr is also a self-translator.

The proceedings of the XVI FIT Congress are available for purchase. The Congress had participants from 41 countries and was organized into 9 theme strands. There is a wealth of information for those who would like to read about translation activities. The cost is US\$50 per issue plus US\$15 for postage and handling. Order through the FIT Secretariat: 2021, avenue Union, Bureau 1108, Montréal (Québec) H3A 2S9, Canada, or secretariat@fit-ift.org.